basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**2017**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 29 bladsye.**

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| | | |
| 2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 8 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 12 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 4. *Poppie – die drama* | 35 | 15 |
| | | |
| 5. *Paljas* | 35 | 19 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 6. "Op soek na Kid Khumalo" | 18 | 23 |
| **EN** | | |
| "Die storie van Piet se Oupa" | 17 | 25 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 7. "Stad in die mis" | 17 | 27 |
| **EN** | | |
| "Die hanswors" | 18 | 28 |

**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien ironie, vergelyking, verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 2 punte of geen punte nie omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim, onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met koeëlpunt gegee word. Sien slegs 1 feit per koeëlpunt na indien 2 feite by een koeëlpunt gegee is.
- By OF SOORTGELYK AAN BOGENOEMDE beteken dit 'n sinoniem vir die bogenoemde antwoorde, nie 'n nuwe gedagte/antwoord nie.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: *KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.1 | • (Vir) twak<br>• (Vir) suiker<br>• (Vir) koffie<br>• (Vir) kos/kruideniersware<br>• Om goed by die winkel te koop<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.2 | • die oopte/helder lug<br>• die mense/die mense se leefstyl<br>• die mense se snaakse/deftige klere/skoene/stewels<br>• Kate<br>• die geboue/kerk/huise/veral die vensters<br>• die wydte van die Knysnarivier<br>• MacDonald se onbeskoftheid<br>• sy pa se onderdanigheid<br>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.3.1 | • C<br>• Joram<br>• C Joram<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.3.2 | • D<br>• Jozef<br>• D Jozef<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.3.3 | • E<br>• Mister Mostert<br>• E Mister Mostert<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.3.4 | • B<br>• Anneries<br>• B Anneries<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.4 | skaam voor Kate was | 1 | 3 |

Kopiereg voorbehou 

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.5 | Kate was ook by die volgende geleenthede ongehoorsaam:<br>• Haar besoeke (Sondagmiddae) agter die skuur (aan Saul) (ook voorbeelde van wat sy daar gedoen het wat dui op ongehoorsaamheid)<br>• Haar kontak met Saul (toe sy hom gewaarsku het nadat hy opgehou werk het by MacDonald).<br>• Toe Kate die naweek by Saul in die Bos gekuier het.<br>• Toe Kate die hoekerf vir Saul gekoop het. | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.6 | • C<br>• paniekerig<br>• C paniekerig<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.7.1 | • Saul het aanvanklik die Bos gesien as die plek van swaarkry/harde werk/armoede/gevare/sekuriteit/werklikheid.<br>• Saul het die Bos later gesien as die plek van moontlike rykdom/verwerping/vernedering.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.7.2 | • Kate het aanvanklik die Bos as romanties/'n piekniekplek/'n wonderwêreld/plek van avontuur beskou. | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.8.1 | MacDonald het nie eens seker gemaak dat sy dogters wel huis toe gaan nie.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.8.2 | • MacDonald het die houtkappers beveel om sekere soorte hout te gaan kap/te lewer ongeag waar hulle dit sou kry.<br>• Die houtkappers moes elke keer gehoorsaam wees/die spesifieke houtsoort gaan soek wat hy van hulle verwag het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>• Die houtkappers het aanvaar wat MacDonald besluit het ten opsigte van die kwaliteit/prys van die hout.<br>(Die antwoord moet konsentreer op wat gedoen is op dit wat MacDonald beveel het.)<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.9 | • Saul sou in vrede met sy pa/familie/broer/ander houtkappers gebly het.<br>• Saul sou nooit uit die skewe sirkel ontsnap het nie.<br>• Saul sou nie die skewe sirkel leer ken het/menswaardig/ryk geword het nie.<br>• Saul sou nie leer Engels praat (en lees) het nie.<br>• Saul sou nie vir Kate beter leer ken het nie.<br>• Saul sou nie geleer het hoe om goud te delf nie.<br>• Saul sou nooit die wêreld buite Knysna leer ken het nie./Saul se ervaringswêreld sou nie so uitgebrei het nie.<br>• Saul sou nooit sy eie besigheid begin het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoorde moet met diskresie hanteer word.) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.10 | Die beskrywing beklemtoon dat Kate se voorkoms/uiterlike/kleredrag vir Saul baie mooi was/wys hoe mooi Kate vir Saul was. | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.11 | • Die verteller beskryf hoe bang Saul was/bly staan het/nie weggehardloop het nie./Saul was bereid om verneder te word net om die goodfor te kry.<br>**OF**<br>Saul (was bang, maar) het bly staan.<br>• Die uitroepteken.<br><br>(Enige EEN off soortgelyk aan bogenoemde)<br><br>(Let wel: Die kandidaat kan sê hoe die verteller die situasie skep of slegs die situasie noem.) | 1 | 5 |
| | | | |
| 1.12.1 | (Van) Oupoot | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.12.2 | Die vernietiging van die Bos<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.13 | Freek (Terblans)/Terblans ✓**en** Stopforth ✓<br>(Kandidate mag die name in enige volgorde gee) | 2 | 1 |
| | | | |
| 1.14 | Saul het Maska se geweer geleen.<br>Saul het Groot Eiland en vir Ousanna besoek.<br>Saul het Maska se verflenterde baadjie opgetel.<br>Saul het gehoor hoe Oupoot geskiet word. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 1.15 | nie betyds voor die koeie gaan wegkom nie. | 1 | 3 |

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.16 | Ja.<br>• Maska het hom gewaarsku/gestoot om weg te kom voor die koeie.<br>• Maska het gehuil/was hartseer oor Saul se koppigheid.<br>• Maska wou nie vir Saul alleen los nie.<br>• Maska het vir Saul gekeer dat hy nie moord pleeg/vir Stopforth skiet nie.<br>• Maska het vir Saul gesê dat Kate vir hom gewag het.<br>• Maska het vir Saul op sy verkeerde keuse/verantwoordelikheid ten opsigte van die Bos/bosmense gewys.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Maska was onderdanig aan Saul/het vir Saul "baas" genoem.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.17 | • A<br>• Saul die Bos wou verlaat.<br>• A Saul die Bos wou verlaat.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.18.1 | regverdig/simpatiek | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.18.2 | verantwoordelik | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.19 | Kate het Thompson se hoekerf vir Saul gekoop/Saul gehelp om sy eie besigheid te begin. | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.20 | MacDonald was 'n omgee-pa, want …<br>• hy wou net die beste vir sy dogter hê/haar beskerm.<br>• hy het haar Kaap toe gestuur (vir 'n goeie geleerdheid/na ‘n afrondingskool).<br>• hy het gedink dat Saul haar nie al die weelde kon bied nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)<br>**OF**<br>MacDonald was nie 'n omgee-pa nie, want …<br>• hy het nie sy dogter se hart verstaan nie.<br>• hy het haar probeer leer dat party mense beter as ander was.<br>• besigheid was vir hom belangriker as sy dogter se geluk.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 4 |
| | | | |
| 1.21 | • Oupoot het vir Saul teruggelei na Meulbos /na waar Kate al dae lank vir hom gewag het.<br>• Omdat Saul na Oupoot gaan soek het, het hy en Kate mekaar raakgeloop.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | **[35]** | |

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Botterberg | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.2 | • Hulle/die gesin moes mekaar leer ken/saamwerk.<br>• Dit was 'n saamgestelde/aangelapte gesin wat moes leer om saam te werk.<br>(Enige een of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 2.3 | negatief | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.4 | Die gesin/Hulle het ...<br>• gestap.<br>• speletjies/saam gespeel.<br>• poker/krabbel/charades/konsertspeletjie gespeel.(Enige van die speletjies kan apart ook genoem word.)<br>• na (Beyers se) voorlesing van gedigte geluister<br>• konsert gehou.<br>• huistakies om die beurt gedoen.<br>• saam geëet.<br>• Hanna se verjaardag gevier.<br>• saamgewerk met die geboorte.<br>(Enige DRIE) | 3 | 1 |
| | | | |
| 2.5.1 | • Fabienne was 'n karakter in Hanna se verbeelding/Hanna se alter ego.<br>• Fabienne was die hoofkarakter in sommige van Hanna se stories.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| 2.5.2 | Fabienne ...<br>• was wie Hanna wou wees.<br>• was Hanna se ontvlugting van die werklikheid.<br>• het Hanna beter laat voel (oor haar lewe).<br>• was Hanna se manier om haar omstandighede te hanteer.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.6.1 | Gavin/Margot | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.6.2 | Margot/Gavin | 1 | 3 |

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.7 | • Hanna se pa/Gavin het vir die eerste keer haar verjaardag bygewoon.<br>• Dit is die eerste keer dat sy van Gavin se geskenk gehou het.<br>• Hanna het meer presente as gewoonlik ontvang.<br>• Hierdie keer het Hanna nie weer 'n boek by Mana/haar ma gekry nie./Hanna het hierdie keer badgoed by haar ma gekry.<br>• Hierdie verjaardag is op 'n ander plek gehou.<br>• Margot was ook by hierdie verjaardag.<br>• Dit was die eerste keer dat sy haar verjaarsdag as deel van die uitgebreide gesin gevier het.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| | | | |
| 2.8 | • C<br>• aandag aan haar voorkoms gegee het.<br>• C aandag aan haar voorkoms gegee het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.9.1 | • E<br>• Beyers<br>• E Beyers<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 2.9.2 | • A<br>• Gavin<br>• A Gavin<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 2.9.3 | • D<br>Yann<br>• D Yann<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 2.9.4 | • B<br>• Tibo<br>• B Tibo<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |

Kopiereg voorbehou

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.10.1 | • Die verteller gee baie voorbeelde wat vir ons aandui dat Sharon by alle omstandighede op die berg aangepas het.<br>• Sharon het niks negatiefs oor die huis of die toilet gesê nie.<br>• Sy het na haar ouma se huis met die "longdrop" verwys sonder om haar daaroor te skaam.<br>• Sy het Hanna as vriendin aanvaar alhoewel Hanna-hulle armer was.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>(Let wel: Die kandidaat kan sê hoe die verteller die situasie skep of slegs die situasie noem.) | 1 | 5 |
| | | | |
| 2.10.2 | • Hanna kon by haar leer om haar omstandighede te aanvaar/en vir Fabienne aan die einde vaarwel te sê.<br>• Hanna kon sien dat haar omstandighede nie so sleg was nie.<br>• Sy laat Hanna anders/positief dink oor haar lewe/gee vir Hanna 'n ander perspektief oor haar lewe.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 2.11.1 | Johannesburg toe<br>(ook aanvaar: Kaapstad toe – mits antwoord in 2.11.2 daarby aansluit, bv. om 'n vlug Johannesburg toe te haal) | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.11.2 | • Margot/Sy moes in 'n televisiereeks gaan speel.<br>• Margot/Sy het 'n rol in 'n televisiereeks gehad.<br>• Margot/Sy het daar gaan werk.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.12 | • Dit kon Hanna laat besef dat sy nie die vaal/oninteressante persoon was wat sy gedink het sy was nie.<br>• Dit kon Hanna laat besef dat sy 'n kreatiewe/verbeeldingryke/talentvolle persoon was.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 2.13 | • B<br>• hartseer<br>• B hartseer<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.14 | oor dinge rondom televisie/televisiereekse/akteurs/bekendes in Hollywood/haar lewe in Amerika/Hollywood | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.15 | Margot se kaarte moes vir Tibo van sy pa vertel. | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.16 | unieke | 1 | 3 |

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.17 | • Mana het die vuil vloere gewas.<br>• Margot het vir almal take gegee om te doen.<br>• Sharon het die geboorte aangekondig.<br>• Die seuns het gejuig. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 2.18 | • Hanna het gereeld stories/gedigte/opstelle uitgedink/geskryf.<br>• Hanna het baie gelees.<br>• Hanna het 'n vrugbare verbeelding gehad.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.19 | 2.19.1 Sy het besluit dat sy haar eie lewensverhaal/'n ware verhaal/'n verhaal met die titel "Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom" gaan skryf.<br>2.19.2<br>• Hanna/Sy het besef dat haar lewe eintlik interessant genoeg was om 'n storie te kon wees.<br>• Hanna/Sy het besef dat sy haar nie vir haar lewe/gesin hoef te skaam nie.<br>**OF**<br>2.19.1 Margot gaan 'n karakter in haar boek wees.<br>2.19.2 Margot het vir Hanna 'n idee vir haar boek gegee /geskimp dat sy 'n karakter in die boek gaan wees.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1<br><br><br><br><br>1<br>**OF**<br>1<br><br>1 | 1<br><br><br><br><br>1<br><br>1<br><br>1 |
| | | | |
| 2.20.1 | • Sy wou bedien word./Sy sou haar soos 'n koningin/'n "queen"/'n "glamour queen" gedra.<br>• Sy sou met niks help nie.<br>• Sy sou behep wees met haar voorkoms/hare/uiterlike.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.20.2 | • Sy was die een wat die werk gedoen het tydens die geboorte.<br>• Sy het juis nie soos 'n "glamour queen" opgetree met die geboorte nie/sy het kalm leiding geneem.<br>• Sy het selfs haar naels geknip om met die baba se geboorte te kon help.<br>• Sy het later net haar hare met olie behandel/dit het in slierte gehang.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>(Let Wel: hierdie antwoord moet aansluit by die antwoord in 2.20.1) | 1 | 4 |

Kopiereg voorbehou

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.21 | Ja.<br>• Margot se kinders/Yann en Amos het hulle ma beter leer ken.<br>• Margot het belowe/gesê dat sy binnekort Kaap toe sou gaan om die kinders te sien.<br>• Yann het vir Margot gesê dat sy nou deel was van die (nuwe) familie./Yann het Margot genooi om by hulle in die Kaap oor te bly.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Margot het weer die kinders agtergelaat.<br>• Daar was geen waarborg dat sy haar belofte sou hou nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | **[35]** | |

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Salamanderbaai | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.2 | • Ryna se man en seun is dood (in ‘n brand).<br>• Ryna se huis het afgebrand.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.3 | • Ryna wou 'n nuwe lewe begin (na haar man en seun se dood).<br>• Ryna wou anoniem wees.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.4.1 | ontevrede | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.4.2 | ongemaklik | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.5 | Die burgerbandradio was die enigste vorm van kommunikasie met die buitewêreld/Salamanderbaai/met hulle families/die Visseryekantoor. | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.6.1 | • C<br>• Prof. Van Keulen<br>• C Prof. Van Keulen<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.6.2 | • D<br>• Jannerik<br>• D Jannerik<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.6.3 | • E<br>• Attie<br>• E Attie<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.6.4 | • A<br>• Skalla<br>• A Skalla<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.7.1 | • Ryna was iemand wat omgegee het.<br>• Ryna was soos 'n ma vir ander mense.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.7.2 | Ryna het vir Doreen van haar verlede (haar man en seun se dood) vertel. | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.8 | Dit is Ryna se gedagtes/wat sy dink. | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.9 | • C<br>• geïrriteerd<br>• C geïrriteerd<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.10.1 | Ryna het ...<br>• die huis skoongemaak.<br>• die huis geverf.<br>• gordyne gemaak.<br>• haar sketse teen die mure gehang.<br>(Enige TWEE) | 2 | 2 |
| | | | |
| 3.10.2 | • Jacob was Ryna se baas.<br>• Ryna het niemand anders gehad nie/was alleen.<br>• Jacob het hulp gevra met sy navorsing te kry.<br>• Dit sou wys dat sy welkom is op die eiland.<br>• (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.11 | • Ryna het nie gegril vir die malgasse se binnegoed/stank nie.<br>• Ryna het baie kennis oor die malgasse gehad.<br>• Ryna het saam met Jacob gewerk/was hardwerkend/het 'n malgas gevang.<br>• Jacob het Ryna later met die navorsing se data vertrou.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.12 | (By) Ousanna/die siener | 1 | 1 |

Kopiereg voorbehou

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.13 | Ryna was bly omdat ...<br>• sy toe weer 'n huis gehad het./Dit was Ryna se eie huis.<br>• sy die verlede agtergelaat het/'n nuwe begin gemaak het.<br>• Dit was 'n veilige plek vir Ryna (en Janka).<br>• Die huisie het aan haar die geleentheid gebied om in Salamanderbaai aan te bly.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.14 | koppig | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.15 | Ja.<br>• Jacob het met die liedjie gesê dat hy lief vir Ryna was.<br>• Dit het sy liefde bewys.<br>• Dit het die konflik tussen hulle opgelos.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Dit was nie oorspronklik nie (Attie het ook vir Ryna die plaat gespeel).<br>• Jacob moes sy liefde eerder self aan Ryna verklaar het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.16 | • Die tyd het verbygegaan./Tydsverloop.<br>• Dit dui aan dat daar iets anders gebeur.<br>• Die fokus van die verhaal verander.<br>• Dis 'n nuwe deel van die verhaal.<br>• Dit dui 'n oorgang aan.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.17.1 | Van die moordsaak teen hom/hy het Skalla vermoor.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.17.2 | • Jacob het besef hy kon nie die saak alleen aanpak nie.<br>• Jacob het besef dat daar mense was wat vir hom lief was.<br>• Jacob het die konflik tussen hom en Ryna probeer oplos.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.18 | • B<br>• empatie met Jacob gehad het.<br>• B empatie met Jacob gehad het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.19 | • Skalla het vir Janka geskiet.<br>• Daniel het gesien waar Skalla weggekruip het.<br>• Jacob het vir Skalla doodgesteek.<br>• Jacob het tronkstraf van sewe jaar gekry. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.20.1 | • Ryna was 'n ma vir Janka.<br>• Ryna het Janka versorg.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.20.2 | Jannerik het by Ryna/in die buitekamer by Ryna gaan bly.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.21 | • Ryna het vir Jacob geleer om weer lief te hê/weer om te gee/weer onselfsugtig te wees.<br>• Ryna het Jacob met die navorsing op die eiland gehelp.<br>• Ryna het vir Jacob gehelp deur Janka te versorg toe Jacob/Elsabet nie kon nie.<br>• Ryna het 'n sleutelrol gespeel by die omruiling van die babas.<br>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 2 |
| | | **[35]** | |
| | | | **TOTAAL AFDELING A: 35** |

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 4: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | (By 'n) kwekery/in Constansie/Constantia | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.2 | • Die werk was moeilik/swaar/lang ure./Sy moes vir 9 mense werk.<br>• Die geld was min./Sy is net 6 pond per maand betaal.<br>• Dit was ver van die huis af./Die vervoerprobleme het dit vir haar moeilik gemaak.<br>• Poppie het net twee middae per week vry gehad./Sy kon net twee middae per week huis toe gaan.<br>(Enige TWEE) | 2 | 2 |
| | | | |
| 4.3.1 | • Hy het 'n permit gekry.<br>• Hy sou 'n erf kry.<br>• Hy sou vir hulle 'n huis kon bou.<br>• Die werk was naby die huis./Stone kon sommer werk toe stap.<br>• Hy was smiddae vyfuur by die huis.<br>• Stone kon nou vir sy gesin sorg.<br>(Enige DRIE) | 3 | 2 |

Kopiereg voorbehou

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.3.2 | • Die werk was moeilik/swaar.<br>• Hy moes baie vroeg soggens al begin werk.<br>• Mense het siek geword by die melkery.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.4 | Ja.<br>• As broodwinner moes Stone vir sy gesin sorg.<br>• Die werk het sekerheid gebied./Hulle was seker van 'n gereelde inkomste.<br>(Die voordele in vraag 4.3.1 pas ook hier in.)<br>**OF**<br>Nee.<br>• Dit kon sy gesondheid aantas./Hy kon baie siek word.<br>• Die werk kon sy dood veroorsaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.5.1 | onregverdig | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.5.2 | jaloers | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.6.1 | • E<br>• Hoedjie<br>• E Hoedjie<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.6.2 | • D<br>• Mama<br>• D Mama<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.6.3 | • A<br>• Stone<br>• A Stone<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.6.4 | • C<br>• Katie<br>• C Katie<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.7 | neweteks | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.8 | • Die dramaturg) beskryf hoe moeg Poppie is/haar moeilike omstandighede.<br>• (Die dramaturg) skep dialoog wat beklemtoon dat Poppie die versorging van haar kinders aan iemand anders moet oorlaat.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>(<u>Let wel</u>: Die kandidaat kan sê hoe die dramaturg die situasie | 1 | 5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | skep of slegs die situasie noem.) | | |

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.9 | • D<br>• verantwoordelike<br>• D verantwoordelike<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.10 | • Sy moes 'n huis kry.<br>• Daar moes 'n skool vir haar kinders wees. | 2 | 2 |
| | | | |
| 4.11 | • Stone het in die Kaap gewerk/was verseker van ‘n werk in die Kaap.<br>• Die wet het Stone nie verplig om te trek nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.12 | • Stone het al sy geld vir sy gesin gestuur.<br>• Stone het nie een maal nagelaat om geld vir sy gesin te stuur nie.<br>• Stone het nie geld op homself spandeer nie./Hy het net 'n paar karige besittings gehad.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.13 | • B<br>• en die kinders was versorg.<br>• B en die kinders was versorg.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.14.1 | Bonsile het 'n jong meisie swanger gemaak. | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.14.2 | Stone het R40/"damage" geld betaal. | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.15 | • Poppie moes Vukile versorg.<br>• Poppie moes haar eie kind/Fezi agterlaat om vir Vukile saam te neem.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.16 | • Hulle moes Bonsile laat verstaan het dat hy self verantwoordelikheid vir sy optrede moes aanvaar.<br>• Hulle moes dit nie vir Bonsile so maklik gemaak het deur net die geld te betaal nie.<br>• Hulle kon hom straf (Aanvaar ook enige voorbeeld van straf).<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>(Interpreteer die antwoorde binne die konteks van die verhaal) | 1 | 4 |

Kopiereg voorbehou

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.17.1 | • Jakkie het by die kinders se opstande betrokke geraak.<br>• Jakkie het 'n polisieman geskiet.<br>• Jakkie het vir Mama en Baby in die tronk laat beland.<br>• Jakkie het nie meer respek vir grootmense gehad/getoon nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.17.2 | • Jakkie het Bonsile by sy probleem met die polisie betrek.<br>• Jakkie het veroorsaak dat Nomvula ook in hegtenis geneem/ondervra is.<br>• Jakkie het vir Mama en Baby ook by die probleem betrek.<br>• Die polisie het vir Poppie by haar werk kom ondervra.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.18 | • Stone het gesterf.<br>• Poppie het haar dogters na haar skoonouers in Herschel geneem.<br>• Poppie het 'n werk by mevrou Swanepoel gekry.<br>• Poppie het die probleme met haar pas uitgestryk. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 4.19 | uitmekaar gedryf het | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.20 | • Poppie het sterk gestaan in krisistye. (ook voorbeelde)<br>• Poppie kon vasstaan in haar geloof.<br>• Poppie se prioriteite was reg.<br>• Poppie het as enkelouer haar kinders reg opgevoed.<br>• Poppie was 'n rolmodel/'n goeie voorbeeld vir ander.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.21 | • 'n Mens moet jou skoonfamilie/ander mense se kultuur/tradisies/gebruike respekteer.<br>• 'n Mens moet in vrede met jou skoonfamilie/ander mense lewe.<br>• 'n Mens moet jou skoonfamilie/ander mense om hulp vra wanneer jy 'n krisis beleef.<br>• ‘n Mens moet jou skoonfamilie vertrou met (die opvoeding van) jou kinders.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | **[35]** | |

## VRAAG 5: *PALJAS* – Chris Barnard

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.1 | • (Van) die sirkustrein/diere<br>• (Van) die vreemde trokke op sy stasie<br>• (Van) die trein wat verkeerdelik afgehaak is<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.2.1 | • Hendrik was die stasiemeester/ploegbaas.<br>• Dit was Hendrik se werk om die treine te reguleer.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.2.2 | • Hendrik het van niks geweet nie.<br>• Niemand het vir Hendrik iets van die sirkustrein gesê nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.3 | empatie (het met) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.4 | • Daar was konflik in hulle gesprekke./Hulle het kortaf met mekaar gepraat./Daar was nie kommunikasie tussen hulle nie.<br>• Hendrik en Katrien het mekaar gekritiseer./Hulle het mekaar nie ondersteun nie.<br>• Hendrik en Katrien het mekaar die heeltyd misverstaan.<br>• Hendrik en Katrien het nie by mekaar geslaap nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 3 |
| | | | |
| 5.5 | • Daar was vreemde mense op hulle stasie.<br>• Emma wou mooi lyk./Vir jong meisies is dit belangrik om mooi te lyk.<br>• Emma wou die mans se aandag trek.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.6 | • Katrien het nie gehou van wat Hendrik doen nie.<br>• Katrien het gedink dat Hendrik probeer om Nollie aan Emma af te smeer.<br>• Hendrik het nie vir Nollie en Emma bymekaar uitgebring nie.<br>• Hendrik het op sy eie vir Nollie en Emma bymekaar probeer uitbring.<br>• Katrien het geweet dat Emma nie wou trou nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.7 | hulle sleg gesê/hulle beledig/hulle nikswerd genoem/hulle gestereotipeer/die slegste van hulle verwag/na hulle as teertoue verwys./ | 1 | 4 |

Kopiereg voorbehou

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.8.1 | • Emma het gesê dat sy nooit gaan trou nie.<br>• Emma het opgehou om klavier te speel.<br>• Emma en Hendrik het nie baie gesels nie/baie gestry.<br>• Emma was snaaks met/afsydig teenoor Nollie.<br>• Emma het gereeld die veld ingehardloop.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.8.2 | • Willem het opgehou praat.<br>• Willem het 'n angstoestand gehad/slaap saam met sy ma.<br>• Oudokter het gesê Willem was ongelukkig met die lewe.<br>• Willem het weggehardloop na Manuel toe/van sy ouers/huis af.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.9 | • D<br>• toneelaanwysings<br>• D toneelaanwysings<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.10.1 | • B<br>• Bertie<br>• B Bertie<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.10.2 | • D<br>• Sambo<br>• D Sambo<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.10.3 | • A<br>• Sollie<br>• A Sollie<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.10.4 | • C<br>• Barnie<br>• C Barnie<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.11 | Ja.<br>• Deur stil te bly, het Katrien 'n rusie voorkom.<br>• As sy Hendrik geantwoord het, kon sy hom dalk seermaak.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Dit het die konflik vererger.<br>• Dit is belangrik om te kommunikeer in 'n verhouding.<br>• Dit is swak maniere om net weg te loop.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.12.1 | dankbaar | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.12.2 | hartseer | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.13 | • Manuel was rusteloos.<br>• Manuel wou weggaan (al was hy nog nie gesond nie).<br>• Manuel wou nie meer by Hendrik-hulle bly nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.14 | • C<br>• humor in die situasie te bring<br>• C humor in die situasie te bring<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.15.1 | Hendrik en Katrien/Sy ouers het langs die pad baklei. | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.15.2 | Manuel het 'n glimlag/nargesig op Willem se gesig geteken. | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.16.1 | • Die ander mense het die McDonalds met tamaties/eiers gegooi.<br>• Daar het 'n bakleiery uitgebreek./Hendrik het baklei.<br>• Die mense het die McDonalds weggejaag.<br>• Die mense het Hendrik se motor met klippe gegooi.<br>(Enige DRIE) | 3 | 2 |
| | | | |
| 5.16.2 | • Party van die mense by die dans het om verskoning kom vra.<br>• Hendrik het die mense vergewe/ingenooi.<br>• Hulle het vrolik saam gedans/gedrink.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.17 | ontspanne | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.18 | • Hendrik het waardering gehad (vir wat Manuel vir Willem gedoen het).<br>• Hendrik was dankbaar teenoor Manuel (vir wat Manuel vir Willem gedoen het).<br>• Hendrik gee erkenning aan Manuel (vir wat Manuel vir Willem gedoen het).<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.19 | • Die leser het kennisgemaak met die McDonald-gesin.<br>• Die sirkustrein het op die stasie aangekom<br>• Hendrik en Katrien het oor die oorbelle baklei.<br>• Willem het weer begin praat. | 1<br>1<br>1<br>1 | 3<br>3<br>3<br>3 |

Kopiereg voorbehou

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.20 | • Geniet die lewe.<br>• Moenie die lewe so ernstig opneem nie.<br>• Lag/speel eerder as om te huil.<br>• Benader die lewe positief.<br>• Bring vreugde waar jy kan.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>(Hanteer elke antwoord met diskresie) | 1 | 5 |
| | | | |
| 5.21 | • Die drama handel oor die uitwerking van Manuel (se paljas) op die McDonald-gesin.<br>• (Manuel se paljas) het gehelp om alles/probleme in die gesin op te los.<br>• (Danksy Manuel se paljas) het die gesin weer met mekaar begin kommunikeer/praat oor belangrike dinge.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | **[35]** | |
| **TOTAAL AFDELING B: 35** | | | |

## AFDELING C: KORTVERHALE

### *VRAAG 6: STORIEJOERNAAL*

### "OP SOEK NA KID KHUMALO" – Dolf van Niekerk

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.1.1 | Nee.<br>Johanna was geïsoleerd✓ omdat sy nie toegang tot 'n telefoon gehad het nie.✓<br>**OF** TWEE van die volgende:<br>• Johanna het nie toegang tot 'n telefoon gehad nie.<br>• Johanna se seer been het haar gekeer om te gaan bel.<br>• Johanna kon nie haar haar mense in die hande kry nie.<br>• Frans was nie daar sodat hy Johanna met die soektog na Kid kon help nie.<br>• Johanna wou nie haar werkgewer pla nie.<br>• Johanna het nie enige (verdere) inligting van haar niggie af gekry nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 4 |
| | | | |
| 6.1.2 | Kid het by Kalafong-hospitaal gewerk. | 1 | 1 |
| | | | |
| 6.2 | • Daar was nie 'n hegte/goeie verhouding tussen Thomas-hulle en Johanna nie.<br>• Daar was min kontak/kommunikasie tussen Johanna en Thomas-hulle.<br>• Thomas en sy vrou het nie moeite met Johanna gedoen nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.3 | • Daar word die heeltyd na "die vrou"/"die mense" verwys.<br>• Johanna het hulle nog nooit voorheen met persoonlike probleme gepla nie.<br>• Johanna het tien dae gewag voordat sy die vrou gevra het om te bel.<br>• Johanna het geweet die vrou sou kla oor die duur oproepe.<br>• Daar word verwys na die vrou wat eers gepreek het (min simpatie).<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | | |
| 6.4 | • Sy het gevrees dat Kid weer in sy ou leefwyse verval het/dat Kid weer begin rondval het soos tevore. (Aanvaar ook voorbeelde van sy ou leefwyse)<br>• Sy het gevrees dat Kid net soos sy pa sou verdwyn.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde) | 1 | 2 |

Kopiereg voorbehou

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.5.1 | • B<br>• Thabo<br>• B Thabo<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.5.2 | • C<br>• Frans<br>• C Frans<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.5.3 | • D<br>• Thomas<br>• D Thomas<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.5.4 | • E<br>• Johanna<br>• E Johanna<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.6 | • B<br>• wat Johanna oor hom gedink het.<br>• B wat Johanna oor hom gedink het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.7.1 | • Johanna het haar kind verloor./Johanna het haar toekoms verloor.<br>• Johanna sou eerder haar seun by haar wou hê.<br>• 'n Mens sê nie so iets vir iemand wat 'n geliefde verloor het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 6.7.2 | • Kid se huis sou na Johanna toe gaan./Johanna sou Kid se huis geërf het. | 1 | 3 |
| 6.8 | • Frans en Johanna was al agt jaar/lank vriende./Frans het gereeld vir Johanna kom besoek.<br>• Frans was bekommerd oor Johanna se gesondheid.<br>• Frans het Johanna gehelp om haar meubels te skuif/televisie in te stel.<br>• Frans het gehelp om na Kid te gaan soek.<br>• Frans het vir Thomas gekontak (om na Kid se huis toe te gaan).<br>• Frans het 'n hele middag by die polisiestasie deurgebring om Kid te probeer opspoor.<br>• Frans het na die lykhuis toe gegaan om vir Kid op te spoor.<br>• Frans was die een wat vir Johanna op hoogte gehou het/al die inligting gegee het van die soektog.<br>(Enige DRIE redes of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 1 |

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.9 | net 'n nommer is | 1 | 3 |

**"DIE STORIE VAN PIET SE OUPA" – AH de Vries**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.10 | (Trudie-hulle het hul) rekeninge gaan betaal/besigheid doen. | 1 | 1 |
| | | | |
| 6.11 | in dieselfde dinge belanggestel het | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.12 | Ja.<br>• Dit maak die storie interessant/geloofwaardig.<br>• Dit teken die agtergrond/atmosfeer baie duidelik./Dis deel van die eksposisie.<br>• Dit is uitsteltegniek/skep spanning.<br>• Dit pas by hierdie tipe (landelike) vertelling.<br>• Dit pas by Trudie-hulle se sosiale status (om in so ‘n deftige restaurant te eet).<br>**OF**<br>Nee.<br>• Dit maak die storie onnodig langdradig.<br>• Dit laat die leser belangstelling/die draad van die storie verloor.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 6.13 | • A<br>• sorgsame<br>• A sorgsame<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.14 | • Oupa se hart het weer begin klop.<br>• Oupa het lewendig geword.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 6.15.1 | Oupa was baie lief vir 'n mixed grill. | 1 | 1 |
| | | | |
| 6.15.2 | Trudie was prakties/spaarsaam/suinig. | 1 | 4 |
| | | | |
| 6.16 | • Oupa moes (volgens sy kinders) nog grootword./Oupa was jonk van gees.<br>• Oupa het sy eie verjaardagpartytjie gereël.<br>• Oupa het baie in vrouens belanggestel. (Oud maar nog nie koud nie.)<br>• Oupa het nie sommer by die huis gebly nie/het baie rondgerits.<br>• Oupa wou nie op die plaas bly nie/die plaaslewe was vir hom vervelig.<br>• Oupa het 'n ongewone sterf-ervaring gehad/sy terugkeer na die lewe was ongewoon.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 1 |

Kopiereg voorbehou

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.17.1 | alomteenwoordige verteller | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.17.2 | hoofkarakter | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.18 | • Piet het die storie vir die verteller vertel.<br>• Dit is Piet se oupa oor wie die storie handel.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 6.19 | • Oupa en sy familie word aan die leser bekendgestel.<br>• Oupa het saam met Trudie en Doon dorp toe gegaan.<br>• Oupa het van sy stoel afgegly.<br>• Oupa het lekker aan die tjoppie gesmul. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 6.20 | • Die deel waar Oupa weer lewendig geword het (nadat hy dood verklaar is).<br>• Die feit dat Oupa op 80-jarige ouderdom so anders optree.<br>• Die feit dat Trudie nie raaksien as Oupa van sy stoel afgly nie.<br>(Kandidaat se antwoord moet met diskresie hanteer word.) | 1 | 5 |
| | | | |
| 6.21 | • Die doel van die kortverhaal is om die leser te vermaak/laat lag.<br>• Oupa se snaakse/vreemde optrede laat jou lag.<br>• Die kortverhaal het nie 'n dieper boodskap nie.<br>• Die verhaal laat die leser lag/leer die leser niks nie.<br>• Dit is net 'n oorvertelling van gebeure.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | **[35]** | |
| | | **TOTAAL AFDELING C: 35** | |

## AFDELING D: GEDIGTE

### *VERSJOERNAAL*

### VRAAG 7: "STAD IN DIE MIS" – DJ Opperman

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.1 | gespanne (slegs EEN woord) | 1 | 2 |
| | | | |
| 7.2 | • B<br>• ‘n metafoor<br>• B ‘n metafoor<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.3 | • Dit bind die reëls tot 'n eenheid.<br>• Dit stel (die "ek" se) beweging voor.<br>• Dit stel een aksie voor.<br>• Dit skep ‘n bepaalde ritme.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 7.4 | kruisrym | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.5 | • Dit dui op 'n universele gevaar./Dit verwys nie na ‘n spesifieke dier/stad nie.<br>• Dit dui daarop dat dit 'n onbekende/onbepaalde gevaar is.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.6 | Die mis was so dig dat 'n mens nie daardeur kon sien nie. | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.7 | assonansie | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.8.1 | sluip | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.8.2 | knor | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.8.3 | hap | 1 | 1 |
| | | | |
| 7.9.1 | • E<br>• "kantelende rug metaal"<br>• E "kantelende rug metaal"<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.9.2 | • C<br>• "blink sy oë bloedbelope"<br>• C "blink sy oë bloedbelope"<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.9.3 | • A<br>• "sy pilare-pote"<br>• A "sy pilare-pote"<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

Kopiereg voorbehou

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.9.4 | • B<br>• "ek hoor hom knor"<br>• B "ek hoor hom knor"<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.10 | Ja.<br>Hy was bang vir die stad ongeag die mis.<br>**OF**<br>Nee.<br>Dit was die mis wat veroorsaak het dat die spreker so bang was./Hy sou kon sien wat dit is waarvoor hy bang is.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 7.11 | • sig/sien<br>• gehoor/hoor | 2 | 3 |
| | | | |
| 7.12 | pessimisties | 1 | 4 |

**"DIE HANSWORS" – SJ Pretorius**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.13 | • Die hanswors het 'n boggel gehad./"afsigtelike boggel"<br>• Die hanswors se liggaam was krom/misvorm./"kromheid"<br>• Die hanswors het anders as die ander mense gelyk.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | • | | |
| .14 | • Die hanswors het veilig gevoel.<br>• Die diere kon hom nie terg/spot/koggel nie.<br>• Die ander mense het hom nie daar gepla nie.<br>• Die hanswors kon sy briewe in vrede lees.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.15 | kwatryn | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.16 | • Die hanswors het 'n brief/pos gaan haal.<br>• Die hanswors het 'n brief/pos gaan stuur.<br>• Die hanswors het geld (vir sy ma) gaan stuur.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 7.17 | • Die hanswors het nie lekker geruik nie.<br>• Die hanswors het gedrink/na drank geruik.<br>• Niemand sou die hanswors mis/huil as hy sou bedank nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 1 |
| | | | |
| 7.18 | • "die dood uittart"<br>• die dood uittart<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.19 | skater (EEN woord) | 1 | 2 |

| VRAAG | NASIENRIGLYNE | PUNT | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.20 | • Die mense het na die sirkus gekom om die hanswors te sien/Die mense het sy toertjies geniet.<br>• Die hanswors het geld vir die sirkus verdien./Hy het sy werk goed gedoen.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 7.21.1 | Die hanswors het sy geld vir sy ma gestuur. | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.21.2 | • Ja/daar was iemand in die hanswors se lewe.<br>• Ja/die hanswors het 'n ma gehad.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.22 | • B<br>• sensitief<br>• B sensitief<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| | | | |
| 7.23.1 | ratsheid | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.23.2 | liggaamsbou | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.24 | • Die mense het met sy gebrek gespot.<br>• Die mense het lelike dinge van die hanswors gesê/hom verstoot.<br>• Die mense het vrae gevra.<br>• Die mense het nie van die hanswors se ma geweet nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.25 | • Dit betrek die leser by die gesprek/wek simpatie<br>• Dit maak die situasie persoonlik.<br>• Dit maak die slot dramaties.<br>• Dit bring ‘n verrassingselement by die gedig in.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 7.26 | Die spreker stel die hanswors voor as ...<br>• 'n eensame mens.<br>• iemand wat gespot word.<br>• iemand wat gedurig pyn beleef.<br>• iemand wat alles wat hy gehad het vir sy ma gegee het.<br>• iemand wat nie verstaan is nie.<br>• iemand wat uitgebuit is.<br>OF<br>• Die hanswors se uiterlike voorkoms<br>• Die hanswors se omstandighede<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>(LET WEL: Die kandidaat kan sê hoe die spreker die situasie skep of slegs die situasie noem.) | 1 | 4 |
| | | **[35]** | |
| | | **TOTAAL AFDELING D: 35** | |
| | | **GROOTTOTAAL: 70** | |

Kopiereg voorbehou